Omgewingsimpakbepaling (OIB): Lus 7A, (tussen Lus 6 - Kanakies en Lus 7 - De Kop) op die Sishen – Saldanha Spoorlyn

Omgewingsstudie ter ondersteuning van 'n aansoek om vrystelling van sekere van die bepalings vervat in die OIB Regulasies van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, Wet 107 van 1998 (NEMA)

INLIGTINGSDOKUMENT EN UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER

This document is also available in English.

DOEL VAN DIE DOKUIMENT

Die doel van hierdie dokument is om belanghebbende of belanstellende partye oor die voorgestelde projek te Lus 7A (tussen Kanakies en De Kop) in te lig, hul kommentaar te verkry en 'n manier te skep waardeur die publiek deel kan neem en waarde kan toevoeg tot die omgewingsstudie en proses. Kommentaar word aangevra oor o.a. die volgende aspekte:

- Eienskappe van die fiesiese, natuurlike, of sosio-ekonomiese omgewing,
- Die proses wat gevolg word om die publiek te betrek,
- Enige ander kommentaar, kwessies of voorstelle met betrekking tot die aansoek.

U kommentaar en insette sal bydra om fokus aan die uitvoering van die studie te verleen.

Die omgewingsstudie sal mettertyd saam met die nodige aansoekvorms aan beide die Nasionale en Provinsiale omgewingsdepartemente ingedien word vir goedkeuring,

U kommentaar is baie belangrik. Voltooi asseblief die Registrasievorm en stuur dit saam met u kommentaar terug aan die Konsultante:

SHE Cape Environmental CC
P.O. Box 471,
Paarden Eiland
Tel: 021 553 2500
Fax: 021 553 1851
Frikkie Potgieter 083 500 4805
Bill Garden 083 283 6442
info@shecape.co.za

AGTERGROND

Transnet is tans besig om R65bn in vervoerverwante infrastruktuur te investeer met die doel om die kostes van handel met Suid Afrika te verminder, en om die doeltreffendheid van die land se vervoerstelsels te verbeter. Deel van hierdie belegging sluit die opgradering van die ertsuitvoerkapasiteit van die Sishen – Saldanha spoorlyn en verbetering van die lyn se huidige bedryfsdoeltreffendheid in. Die ligging van lusse 6, 7 en 8, waar op- en afwaartse treine mekaar kruis, veroorsaak al 'n geruime tyd probleme met die vloei van treinverkeer op die lyn. Daar word nou beplan om 'n nuwe lus, nr. 7A te bou, wat die vloei en skedulering van huidige en toekomstige treinverkeer sal verbeter. Lus 7A is naby 'n posisie wat voorheen voorgestel en goedgekeur is vir dié doel.

WAT IS 'N OMGEWINGSIMPAKSTUDIE?

'n Omgewingsimpakbepaling word voorgeskryf in die die regulasies van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA). Hierin word die omgewingsimpak van verskeie gelyste aktiwiteite bepaal. Daar word ook aangedui of sulke aktiwiteite bestudeer moet word om die graad van hulle impakte op die betrokke natuurlike en sosiale omgewing te bepaal. Hierdie bepaling stel die Owerhede in staat om te besluit of die projek moet voortgaan en watter maatreëls nodig is om die projek sinvol te bestuur en die moontlike omgewingsimpakte daarvan te beheer en te verminder.

MOTIVERING VIR DIE VOORGESTELDE PROJEK

Die ysterertslyn strek oor 861km tussen die myne naby Sishen in die Noord-Kaap en Saldanhahawe aan die Weskus. Die lyn het 19 kruisingslusse waar treine vanuit verskillende rigtings mekaar kruis.

Die lyn vervoer tans ystererts teen 32 million ton per jaar (MTPJ) terwyl verhoogde uitvoerkapasiteit bo die gemagtigde 41MTPJ ondersoek word. Verkeersvlakke kan tot so veel as 93MTPJ verhoog word.

Kruisingslusse is normaalweg ongeveer 45km uitmekaar geplaas. Lus 7 (De Kop) is egter slegs 35 km vanaf Lus 8 (Sous) na die noorde, maar 63km vanaf lus 6 (Kanakies) na die suide. Dit is hoofsaaklik as gevolg van steil hellings en die topografie van die gebied. Die verskil in afstand en looptyd van treine tussen hierdie drie lusse ontwrig dus die skedulering en dravermoë van die lyn as geheel.

Daar word nou beplan om 'n nuwe lus (Lus 7A) tussen 316km and 324km te bou, naby waar dit in 2000 beplan en goedgekeur was. Dié ligging sal sodoende die afstand tussen 7A tot lus 6 na 41 km verminder. Treinverkeer sal dus meer eweredig vloei, omdraaityd van treine sal verminder en die algehele doeltreffendheid van die spoorlyn sal aansienlik verbeter.